



# LEGKAART VAN JOU GESIG

Fisionomie in 'n neutedop

~  
MARTHIE MARÉ

UITREKSEL

[ GEPUBLISEER MET TOESTEMMING VAN LAPA UITGEWERS ]

## GROOTTE VAN ORE

---

Die grootte van die ore is 'n goeie aanduiding van hoeveel inligting tydens 'n gesprek geabsorbeer kan word. 'n Mens behoort met die blote oog te kan sien of iemand se ore groot of klein is. Dit is 'n gemiddelde grootte wanneer jy dink dis tyd om 'n liniaal te gaan soek om te meet, net om seker te maak. Onthou, wanneer 'n gelaatstrek uitsonderlik groot of klein is, sal die karaktereienskap wat met daardie gelaatstrek geassosieer word, 'n prominente deel van die persoonlikheid wees. Let daarop dat die linker- en regteroor nie noodwendig dieselfde grootte sal wees nie.


### Groot ore



Dieselfde denkbeldige horisontale lyne soos by die posisie van die ore beskryf, kan weer hier as riglyn gebruik word. Wanneer die ore min of meer binne die lyne tussen die boonste ooglid en onderkant van die neus inpas, is die ore van gemiddelde grootte. Dit is natuurlik tensy die persoon 'n baie dominante neusgedeelte het (soos verduidelik met die horisontale verdeling van die gesig in voorkop-, neus- of kengedeeltes). Indien die ore sigbaar groot is, dui dit op iemand wat altyd gereed is om te luister; selfs al word die storie 'n bietjie lank. Hy is gaaf en vrygewig, veral met sy tyd. Hy het gewoonlik 'n goeie algemene kennis, juis as gevolg van al die ure se geluister na ander. Hy sal dus ook goed vaar met raaispeletjies soos blokraai, Trivial Pursuit en 30 Seconds.

Die persoon met groot ore se uitdaging is dat hy moet leer om soms selektief te luister, anders kan dit moeilik raak om te besluit wat sy persoonlike opinie oor 'n saak is nadat hy soveel inligting ingeneem het.

### Klein ore



Dit is baie maklik om werklike klein oortjies te herken. Die eenaar van klein oortjies het 'n ingeboude *trip switch* wat outomaties afskakel wanneer hy na te veel inligting moet luister. Hy sal selfs nog 'n kopknik hier en daar gee, maar nadat die skakelaar geklik het, word niks meer ingeneem nie. Hy behoort gereelde onderbrekings te bewerkstellig soos byvoorbeeld om 'n draai in die badkamer te gaan maak om sodoende 'n kans te kry om die skakelaar weer "aan te skakel". 'n Goeie idee is om notas te maak, waarna hy later weer kan verwys. Dit sal verhoed dat belangrike detail in die slag bly.

Die beste manier om iemand met klein oortjies te benader, is om praktiese en/of visuele voorbeelde te gee ter ondersteuning van dit wat jy sê.

*"There are many benefits to this process of listening. The first is that good listeners are created as people feel listened to. Listening is a reciprocal process - we become more attentive to others if they have attended to us."*  
~ Margaret J. Wheatley



# LEGKAART VAN JOU GESIG

Fisionomie in 'n neutedop

~  
MARTHIE MARÉ

GESIGSPROFIEL  
VAN RIAAN CRUYWAGEN

## **RIAAN CRUYWAGEN**

***Haas Das. Nuusleser. Rolmodel. Sjarmante heer. Legende.***

### **Biografie:**

Riaan Cruywagen is die langsdienende TV-nuusleser in Suid-Afrika. In 2013 het hy 48 jaar in die uitsaaiewese gevier, waarvan hy die eerste 10 jaar as omroeper by die radio deurgebring het, en die laaste 38 jaar by televisie.

Hy het as student op Stellenbosch met 'n SAUK-beurs gestudeer en toe reeds deelyds in Kaapstad begin uitsaai. Op 26 November 1975 het hy sy buiging as TV-nuusleser gemaak gedurende die toetsuitsendings, nog voordat die amptelike uitsendings in 1976 begin het. Presies 37 jaar later, op 26 November 2012, het hy as TV-nuusaanbieder by die SAUK uitgetree. Sy uittrede was van korte duur, want op 1 Februarie 2013 het hy as een van die ankeraanbieders by kykNET se ontbytprogram *Dagbreek* aangesluit.

Hy het van 1971 tot 1974 as Afrikaanse radio-omroeper by Radio Nederland Wêreld-omroep in Holland gewerk. Van 1981 tot 1984 was hy die SAUK se verteenwoordiger in die VSA, Kanada en by die Verenigde Nasies, en het hy in Washington gewoon.

In Desember 2006 was Riaan Cruywagen die eerste ontvanger van 'n Golden Plume-toekenning toe hy deur die SAUK en die Departement van Kommunikasie vereer is "uit erkenning vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse televisie-uitsaaibedryf" sedert 1976. Ander huldigings het gekom van sy tuisdorp Randburg, asook Rustenburg en George, en sluit ook toekennings van die ATKV en die Rapportryers in.

Die Klub vir Studenteraadvoorsitters van sy alma mater, die Universiteit van Stellenbosch, het hom in November 2007 vereer met 'n goue erepenning vir "sy bydrae tot Afrikaans in die algemeen en televisie in die besonder".

Hy en sy vrou Riana is al meer as 40 jaar getroud en woon in Randburg. Hulle het een getroude dogter en twee kleinkinders.

(Bygewerk: Mei 2013)

### **Ontleding:**

Riaan het 'n dominante neusgedeelte wat beteken dat hy ambisieus is en 'n verskil sal maak in sy werksomgewing. Dit was baie duidelik sigbaar toe daar destyds sprake was dat skommelings in die nuuskantoor sou plaasvind. Almal was verslae en het soos een man opgestaan en kapsie gemaak. Sommer gou weer was die nodige stappe gedoen sodat hierdie geliefde nuusleser se bekende gesig rondom sewe in ons huise verwelkom kon word. Daar was dieselfde ongeloof toe Riaan na 37 jaar diens by die SAUK besluit het dat dit nou tyd is om af te tree. Daar was min Suid-Afrikanners wat nie voor die kassie gesit het om Riaan se laaste nuusbuletin te sien nie. Dit was die einde van 'n era. Of so het ons gedink ... Sommer gou verskyn sy gesig weer op die kassie! Welbekend. Gerusstellend.

Riaan se neus is reguit, maar daar is tog 'n uitwaartse boog sigbaar, wat beteken dat hy 'n logiese werkstyl het, maar ook 'n talent om kreatiewe oplossings te vind vir probleme wat by die werk ontstaan. Dit sluit goed aan by sy skuins voorkop, wat visuele denke aandui. Dit beteken dat hy in prentjies kan dink en maklik die eindresultaat in sy geestesoog kan sien. Hierdie prentjie word dan afgebreek in detail om dit met ander te deel. Dit sal goed wees as Riaan hierdie eindresultaat baie beskrywend verduidelik sodat mense volledige besonderhede kan begryp.

Wanneer iemand op TV verskyn, is daar altyd grimering nodig om die beste moontlike beeld weer te gee. Skerp ligte is nodig vir die kameras om 'n hoë kwaliteit beeld te handhaaf. Gelaatstrekke behoort duidelik sigbaar te wees en 'n strepie hier en 'n poeiertjie daar is soms net wat nodig is om die beste moontlike beeld te verseker. Riaan se wenkbroue word dus beklemtoon wanneer hy op die skerm verskyn.

In werklikheid is sy wenkbroue baie lig, met 'n paar wilde, lang haartjies wat soms uit hul plek kan val. Die ligte wenkbroue word verkleurmannetjie wenkbroue genoem. Dit dui daarop dat Riaan in enige situasie kan inpas en net soos 'n verkleurmannetjie aandagtig kan waarneem wat rondom hom aangaan. Riaan het die kuns bemeester om inligting van mense te bekom, maar terselfdertyd nie te veel van sy eie sake uit te lap nie. Indien jy iets van hom wil weet, moet jy maar spesifieke vrae vra sodat jy spesifieke antwoorde kan ontvang. Dit is tipies hoe 'n ondersoekende joernalis optree. Hy pas dus briljant in sy huidige werk as mede-aanbieder en onderhoudvoerder van die ontbytprogram *Dagbreek* (op kykNET) wat interessante onderhoude met mense

voer. Daar kan selfs 'n paar eksentrieke gewoontes verskuil wees agter die deurmekaar wenkbroue. Hierdie effens wilde, deurmekaar wenkbroue dui aan dat Riaan sake van alle kante af kan bekyk, gretig is om te leer en baie vroe sal vra indien 'n onderwerp hom interesseer.

Die frustrasieplooi teen sy wenkbroue is 'n aanduiding dat hy altyd baie diplomatie sal wees tydens so 'n ondervraging. Dit dui egter ook daarop dat hy frustrasie onderdruk en behoort 'n bewuste poging aan te wend om van hierdie frustrasie ontslae te raak, hetsy om die bron van die frustrasie te verwyder of nuwe maniere te vind om dit te hanteer.

Horisontale plooi wat onder die oë vorm en af neig na die wange, weerspieël moed. Die teenwoordigheid van hierdie plooi teen Riaan se oë wys dat hy al deur moeilike tye geworstel het waar hy deeglike introspeksie moes doen. Mense vind moed op verskillende maniere; sommiges sal hul gedrag verander, terwyl ander sterk op hul geloof steun om moeilike tye te hanteer. Moedplooi behoort met trots gedra te word, aangesien dit 'n herinnering is dat jy het wat nodig is om enige iets aan te durf.

Die uitbrandingsplooi op Riaan se neusbrug dui aan dat hy verantwoordelik voel vir alles en almal rondom hom. Dit kan ook verband hou met sy perfeksonistiese geaardheid. Ek het uit ervaring al ondervind dat wanneer almal rondom jou gelukkig lyk, is niemand werklik gelukkig nie. Daar steek baie waarheid in die Engelse spreekwoord *"You can't please all of the people all of the time, just some of the people some of the time"*.

Riaan se neuspunt is breër as die res van die neus en eindig in 'n bolvormige punt. Dit verklap dat finansiële sekuriteit vir hom belangrik is. Hy hou daarvan om te weet dat daar vir more gesorg is. Dit is ook 'n aanduiding dat hy 'n versamelaar van een of ander aard is of selfs 'n opgaarder wat dit moeilik vind om goed weg te gooi. Die punt van sy neus groei verby die neusvleuels en dui op sy behoefte om mense deur middel van sy werk te help.

Prominente wangbene verteenwoordig goeie leierseienskappe. Daar is nie baie vlesigheid rondom Riaan se wangbene nie, dus kan hy geneig wees om dinge eerder self te wil doen, "want dan weet ek mos dit word reg gedoen". Die prominente wangbene dwing respek by ander af en kan selfs vir sommiges intimiderend wees. In Riaan se geval sal dit eerder bewondering as bedreiging afdwing. Baie mense beskou Riaan as 'n rolmodel, maar beseft nie altyd hoeveel onnodige druk dit op hom plaas nie. Hy sal nie graag mense wil teleurstel nie, dus kan hierdie spanning ook bydra tot die vorming van die uitbrandingsplooi. 'n Kompeterende geaardheid kan op verskillende maniere prakties toegepas word: jy kan óf 'n swak verloorder wees, óf uitsonderlike prestasie behaal. Ek is seker dat min mense van my sal verskil as ek dink dat Riaan hierdie eienskap positief toegepas het.

Riaan het nie 'n oordrewe selfbeeld nie. Sy voortande wat ego verteenwoordig, duik effe na binne, wat wys dat hy eintlik nogal skamerig kan wees. Alhoewel die voortande wel groter as die res van sy tande is, is Riaan welbekend vir sy nederigheid. Sy prominente oogtande dui op 'n kompeterende geaardheid, maar dit het nie veroorsaak dat roem en sukses hom verwaand gemaak het nie.

Riaan se lewensingesteldheid laat hom jonk bly. Die buitenste hoeke van sy oë neig opwaarts, wat sy positiewe karakter aandui. Die opwaartse mondhoeke bevestig hierdie positiwiteit. Hy het 'n erkenningsplooi (halfmaanplooi tussen ken en onderlip) wat aandui dat hy 'n hoë waardestelsel het en soms meer van mense verwag as wat hulle kan lewer. My advies aan hom is om baie duidelik vir ander te sê wat hy verwag, hoe hy dit verwag en ook wanneer hy dit verwag. Dit behoort minder geleentheid vir teleurstelling te laat. Riaan het ook empatieplooi langs sy mondhoeke waarvan die linkerkantste plooi meer prominent wys. Dit beteken dat hy al emosionele pyn veral in sy persoonlike lewe ervaar het en dit veroorsaak dat hy baie deernis vir ander het. Sommiges glo dat mense met hierdie plooi bitter is. Dit sal egter afhang van iemand se gesindheid teenoor die aanslae van die lewe. In Riaan se geval sal terugslae hom eerder inspireer om wysheid daaruit te put as om bitter te raak oor wat was. Dit sal ook nie ongewoon wees dat mense maklik hul persoonlike verhalte met hom deel nie, selfs al het hy hulle maar pas ontmoet: "Kom praat met my" is die onbewuste boodskap wat empatieplooi uitstraal.

Riaan se ore lê plat teen sy kop. Dit dui aan dat hy in enige situasie kan inpas en in Rome soos die Romeine sal doen. Swak maniere is vir hom onaanvaarbaar. Riaan se ore lê ook agteroor en dit beteken dat alhoewel hy goed kan inpas by die groep van sy keuse, hy nie noodwendig met hulle hoef saam te stem nie. Hy het die vermoë om van buite af na 'n situasie te kyk en het 'n unieke perspektief van realiteit.

Mense met lae wenkbroue is geneig om ander in die rede te val en hul sinne te voltooi. Riaan se goeie maniere sal hom weerhou om ongeskik te wees, maar hy waardeer dit as mense gou tot die punt kom wanneer hulle met hom praat. Hy is vlug van begrip en kan vinnig inligting verwerk en sy opinie daaroor gee.

Laaste maar beslis nie die minste nie, vorm Riaan se ken 'n reguit lyn wat beteken dat hy sy besluite op feite baseer. Dit pas goed in by al die nuusberigte wat hy soveel jare vir Suid-Afrikaners gelees het. As in ag geneem word dat daar 'n wisselwerking tussen gelaatstrekke en karaktereienskappe bestaan, kan ons dan sê dat Riaan se ken reguit is omdat hy sy besluite baseer op feite of is dit net andersom? Miskien kan ons in Riaan se fotoalbums gaan loer ...

### **Riaan se kommentaar:**

Beste Marthie

Baie dankie vir jou onverdiend vleiende ontleding! Omdat ek weet dat jou ontleding op deeglike navorsing berus, weet ek ook sonder enige twyfel dat dit nie 'n heuning-om-die-mond-smeerdery is nie. Ek lewer vir publikasie graag soos volg kommentaar:

By die lees van die outeur se ontleding van my persoonlikheid op grond van my gelaatstrekke, was dit asof ek in 'n spieël gekyk en myself in besonderhede gesien het soos nooit tevore nie.

Met verstommende akkuraatheid lê sy my persoonlikheid bloot soos op 'n dissekteertafel waar die ontleedmes elke karaktertrek haarfyn uitlig en van alle kante bekijk.

As enigiemand nog hoegenaamd gewonder het watter persoonlikheid werklik agter my televisiebeeld skuil, is daardie vraag nou finaal in die openbaar betroubaar beantwoord. Eienskappe word aan my toegedig waarvan ek voorheen kwalik bewus was, maar wat ek by die lees van die ontleding nie kan ontken nie.

Ek is spyt dat dié fisionomie-oefening nie jare gelede al gedoen is nie, want dit sou ongetwyfeld waardevolle stukrag aan my uitsaailoopbaan verleen het.

Glo dit of nie, maar ek verstaan myself na dese veel beter!

Vriendelike groete  
Riaan